

Hoofstuk 8

Engelenburg gee die leisels van *De Volkstem* oor, 1920-1924

Inleiding

Die tydperk 1920 tot 1924 kan op die politieke front in Suid-Afrika gesien word as die oorskakeling van die SAP-regering na die regering van die Nasionale en Arbeidersparty wat 'n koalisie gevorm het om die bewind in 1924 by Smuts oor te neem. Die begin van die twintigerjare van die twintigste eeu het ook 'n nuwe tydperk in Engelenburg se lewe ingelui. Op 61-jarige leeftyd het hy getrou. Om meer tyd saam met sy vrou, Lorraine, deur te bring het hy ná 35 jaar besluit om die tuig by *De Volkstem* neer te lê. Sy uittrede by die koerant het deur die hele land 'n beroering veroorsaak en 'n plaasvervanger moes in sy plek gevind word.

'n Verandering in Engelenburg se persoonlike lewe

Volgens sy sakdagboekies was Engelenburg vanweë sy werk en betrokkenheid by 'n verskeidenheid sake deur die jare baie uitstедig. Toe hy tydens die Eerste Wêreldoorlog na Europa gegaan het en eers 'n jaar later teruggekeer het, het Lorraine moed opgegee dat hy met haar sou trou. Sy het Suid-Afrika ongeveer in 1918 verlaat en in Australië gaan woon. Toe Engelenburg in 1919 na Suid-Afrika teruggekeer het, was Lorraine al geruime tyd uit die land. Met sy terugkoms moes hy weer die redakteurstoel inneem, met die gevolg dat hy nie baie tyd en aandag daaraan kon skenk om Lorraine te oorreed om na Suid-Afrika terug te keer nie. Hy het wel briewe aan haar geskryf en haar gevra om terug te kom.¹ Generaal Botha se dood en begrafnis het baie van sy aandag geveeg en met die verkiesing van 'n nuwe eerste minister moes Engelenburg sorg dat hy as hoofredakteur teenwoordig was. In Maart 1920 was die nuwe premier nog nie aangewys nie. Engelenburg het Gustav Preller laat weet dat daar nog weinig in die parlement gebeur het wat tot galery-kommentaar aanleiding kon gee. Die aankondiging van

¹ Mev. L. Liesching, wat Engelenburg in sy laaste jare versorg het, het in 1963 in 'n onderhoud met *Lantern* vertel van die briewe. Dit is waarskynlik ná sy dood deur Izaak Wallach vernietig. Kyk R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 26-27.

die wetsontwerpe moes nog kom en Engelenburg het gemeen dat dit miskien lewe in die “brouwerij” sou bring.²

Ondergronds is er heel wat beweging. Maar daarover mag ik niet telegraferen. Ik ben nog optimisties en heb de hoop niet opgegeven dat er een Sap-Nat verstandhouding zal komen.³

Twee maande later het Engelenburg nog in die parlement gesit en kon hy vir Preller laat weet dat die situasie vir generaal Smuts as premier van die land voorlopig veilig was. Engelenburg wou teruggaan Pretoria toe:

... [A]ngezien ik hier koue begin te lijden – ik heb hier enkel dunne zomer kleren en het regenseizoen is kil en koud – denk ik eind dezer maand terug te komen te Pretoria.⁴

Die verslaggewer, Ribbink, sou in Junie by Engelenburg oorneem. Voordat Engelenburg na Pretoria teruggekeer het, wou hy eers met Reuter beraadslaag oor hulle verhoogde tariewe.

Reuter moet niet vergeten dat de hollandse bladen een speciale vertaler der Reuter-telegrammen moeten bekostigen.⁵

Engelenburg se vader het op 20 Februarie 1920 in Apeldoorn, Nederland, gesterf.⁶ Dit was nie vir hom moontlik om die begrafnis by te woon nie. Hy het pas vyf maande tevore, ná ’n afwesigheid van 14 maande, in Suid-Afrika aangekom nadat hy generaal Botha tydens die vredesonderhandelinge in Versailles, Parys, bygestaan het en kon hom moeilik wegskeur van sy werksverpligtinge. Sy vader het sy laaste testament op 9 April 1919 te Apeldoorn opgestel. Aan sy derde vrou het hy lewenslange vruggebruik op die huis te Wilhelminapark in Apeldoorn gegee. Feitlik al die meubels in die huis het haar eiendom geword, behalwe die skilderye en portrette. Sy wens was dat, indien hy in Nederland of in die nabyheid van Nederland te sterwe kom, hy in die familiegrafkelder op die landgoed De Oldhorst, in Oldebroek ter ruste gelê moes word in ’n sterk kis van eikehout. Om te verseker dat hy nie lewend begrawe word nie, het hy versoek dat ’n arts ’n slagaar aan sy hals en pols oopmaak. Sy portret, geskilder deur P. de

² Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA), Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 27.03.1920.

³ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 27.03.1920.

⁴ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 25.05.1920.

⁵ NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, F.V. Engelenburg – G.S. Preller, 25.05.1920.

⁶ F.V. Engelenburg, *Engelenburg: gesiedenis van de familie, voor z'n jongere verwanten verteld*, p. 31.

Josselin de Jong, 'n ouderwetse staanhorlosie, en alle familieportrette wat in sy woonhuise in Nederland was, onder meer dié in Apeldoorn, het hy aan Engelenburg in Pretoria bemaak. Die erfdeel wat hy aan sy seun Frits⁷ bemaak het, het hy onder beheer van sy seun Willem geplaas. Willem sou beheer daarvoor behou totdat Frits vir minstens drie agtereenvolgende jare bewys kon lewer dat hy selfversorgend was met 'n jaarlikse inkomste van minstens f3 000.⁸ As hy nie daaraan voldoen het nie, sou 'n deel van sy erfporsie onder die ander erfgename verdeel word.

As die uitvoerders van sy testament en beredderaars van sy boedel het hy die drie seuns uit sy eerste huwelik, naamlik Frans, Willem en Kees, aangestel. In die opmaak van die boedel is onder andere aangeteken dat Engelenburg se vader 'n verband van £1 500 gehou het op die huis van dr. De Moor te Blackwoodstraat in Pretoria, £250 op die huis van Charles Wallach in Kerkstraat, Pretoria, sewe aandele in die Nasionale Bank in Suid-Afrika ter waarde van £99.15.00 en 'n verband van £1 600 op die Caledonian-gebou van die Wallach's Drukkery. Engelenburg se vader het dus wel belange in Suid-Afrika gehad, hoewel hyself nooit in die land besoek het nie.⁹

Ná die eerste moeilike dae ná haar man se dood, het mevrou Engelenburg-Vermandel Engelenburg op 11 Maart 1920 per brief bedank vir die telegram wat hy aan haar gestuur het. Sy het Engelenburg ingelig oor sy vader se laaste siekbed wat kort was. Daardie Maandagaand het die dokter brongitis gediagnoseer en die Donderdagaand het sy hart ingegee en is hy oorlede. Alles moontlik is gedoen om sy heengaan gemaklik te maak; hy was bang vir 'n lang doodstryd, wat hy nie gehad het nie. Mev. Engelenburg-Vermandel het sy laaste oomblikke soos volg beskryf:

... kalm en vredig is hij ingeslapen, bijna met een glimlach op't gezicht. En ook in den dood is die ernstige blijmoedige uitdrukking gebleven. Mij heeft hij't laatst gezien en ook altijd nog herkend; als hij opkeek lachte ik hem toe, tot ik op eens de oogen zag verstarren. Uw

⁷ Frits was Engelenburg se halfbroer.

⁸ f = gulden.

⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Afskrif van die testament van F.V.T. Engelenburg.

broer Willem was die morgen overgekomen, en was dus ook in de kamer en onze trouwe Betje.¹⁰

Mevrou Engelenburg-Vermandel het die groot leemte reeds gevoel waaraan sy gewoon sou moes raak. Sy het aan Engelenburg geskryf dat sy en haar man al soveel jare saam was, eigenlijk van 1886 af was hij in mijn leven, tot ik in 1896 besloot hem te helpen en mede op reis te gaan, wat hij toen wegens zijn slechte gezondheid alleen niet durfde.¹¹

Dit beteken dus dat Engelenburg se vader reeds voor sy egskeiding van sy eerste vrou, Engelenburg se moeder, in 1887 by mev. Engelenburg-Vermandel betrokke was.¹² Engelenburg se vader het egter 'n paar maande ná die egskeiding met Christina Vos getrou, 'n jong vrou wat jonger as Engelenburg was, toe hy nog student aan die Universiteit van Leiden was. Engelenburg sr. was nog met sy tweede vrou, Christina, getroud, maar van tafel en bed van haar geskei, toe hy en mevrou Vermandel in 1896 op reis gegaan het. Mev. Engelenburg-Vermandel het ook aan Engelenburg geskryf dat haar man gehoop het dat hy Engelenburg gou weer sou sien, want hy wou al sy finansiële sake met sy seun bespreek, "... omdat hij van al zijn zoons in U 't meeste vertrouwen stelde".¹³ Dit was toe nie moontlik nie. Hy het nie verwag dat hy toe al sou sterf nie. Hy het nog oor te veel dinge gepraat wat hy wou doen. Sy seun, Frits het nie die begrafnis bygewoon nie, want hy het te ver gewoon, naamlik in Friedrichroda in Duitsland.¹⁴

Engelenburg se vader is toe nie in 'n eikehoutkis begrawe soos hy begeer het nie, maar sy as is wel in die familiegrafkelder by De Oldhorst geplaas. Eers 'n jaar ná sy vader se dood, in Maart 1921, het Engelenburg na Nederland vertrek om die familie te besoek. Waarskynlik is sy vader se as tydens sy besoek in die familiegrafkelder geplaas. Die afhandeling van sy vader se boedel moes ook gedoen word. Van Nederland het hy na Nederlands-Oos-Indië gegaan. Op 21 Mei het

¹⁰ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel, Apeldoorn – F.V. Engelenburg, 11.03.1920.

¹¹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel, Apeldoorn – F.V. Engelenburg, 11.03.1920.

¹² Engelenburg se vader is in 1887 finaal van sy eerste vrou (Engelenburg se moeder) geskei.

¹³ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel, Apeldoorn – F.V. Engelenburg, 11.03.1920.

¹⁴ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, vol. 27, G.W.C. Engelenburg-Vermandel, Apeldoorn – F.V. Engelenburg, 11.03.1920.



Illustrasie 89: Gouda Engelenburg-Vermandel, Frits en F.T.V. Engelenburg kort voor laasgenoemde se dood in 1920.

Bron: Engelenburghuis, Pretoria, Foto-album in die Engelenburgversameling.



Illustrasie 90: Die Engelenburgfamilie se grafkelder by De Oldhorst, te Oldebroek soos dit vandag lyk. Frans Vredenrijk Engelenburg (1941 -), naamgenoot van Engelenburg en lid van die Lucas-tak staan by. Foto: Linda Brink, 2.11.2007.

hy in Bombaai¹⁵ aangekom, waar hy drie dae vertoef het. Daarna het hy na Soerabaja vertrek, waar sy broer Willem jare lank gewerk het.

Oor die drie dae in Bombaai het Engelenburg vyf jaar later, op 30 April 1926, 'n artikel in *De Volkstem* geplaas. Dan kom die leser weer onder die indruk hoe goed hy die pen bemeester het en hoe opletend hy was. Die artikel het hy in die Afrikaans geskryf met die spelling van die twintiger-jare van die twintigste eeu. Daar moet ook in aanmerking geneem word dat hy sy eie weergawe van Afrikaans neergeskryf het. Die artikel gee ook 'n goeie idee van hoe hy Bombaai beleef het. In die stad het hy drie dae en nagte deurgebring wat, soos hy sê, soos die verwarde droom van 'n koorslyer verbygegaan het.

Van die stoomboot af het Engelenburg hom onmiddellik in die reusagtige stad bevind, in woelige strate en pleine, langs hoë “pittoreske” [skilderagtige] huise. Die regeringsgeboue was in die Tudor-Gotiese styl uit ou Engeland en die banke in dié van die ortodokse Laat-Renaissance. Basaars en huurwoningen in Oorsterse styl met oormekaar-hangende balkonne en “gaanderye”¹⁶ het sy aandag gehou. Die kolossale Taj Mahal-Hotel waar hy tuisgegaan het, het honderde gaste uit alle wêrelddele geakkommodeer. Die hotelbediendes het gestaak en die gaste moes hulleself help, hulle kamers vind en hul bagasie daarheen neem. Die moeson was laat en die hitte oorweldigend. Engelenburg was nie daarvoor te vinde om self sy bagasie te dra nie en ná 'n lang soektog het hy eindelijk iemand gevind wat hom as bediende wou laat verhuur. Gelukkig het Engelenburg en die bediende albei bietjie Maleis gepraat en kon Engelenburg aan hom verduidelik om sy wasgoed te versorg en boodskappe af te lewer. Voor ete het hy in die wyk rondgestap waar die inwoners van die stad krieket gespeel het, ten spyte van die hoë temperatuur. Ná aandete het die hotelgaste afgemat oor die water gesit en staar.

¹⁵ Bombaai, sedert 1995 Moembaai, is die hoofstad van die Indiese provinsie Maharashtra en die stad met die grootste bevolking in Indië. Volgens Engelenburg se beskrywing was Bombaai 'n taamlike onbeduidende stad, toe dit, nog nie drie eeue tevore nie, deur die Portugese koning as bruidskat van sy dogter aan koning Karel II oorgedra is. Dit was reeds in 1921 een van die belangrikste koopstede in die wêreld.

¹⁶ “gaanderye” – galerye.

Engelenburg wou die stad verken en 'n motor het hom na Malabar Hill geneem waar die miljoenêrs en ander ryk handelsmagnate gewoon het. Hulle talryke villa's was oordadig verlig. Op die top van die heuwel naby die Toring van Stilte, waar die Parsi's¹⁷ hulle dooies neergelê het, het aasvoëls onbeweeglik in klein groepies op die takke gesit en rus van hulle makabere werk. Hier en daar het Engelenburg 'n Hindoe-tempel in die maanlig gesien. Die ingewikkelde dakkonstruksies het sy Europese ingesteldheid geïrriteer. Engelenburg het met 'n ander pad na die metropolis teruggekeer. Nie ver van die stad nie het hy groot vure sien brand en in die warm walms wat laag op die grond bly hang het, 'n mengsel van verskroeide hare en gebrande vlees geruik. In die oop veld was daar rokende brandstapels waar honderde dooies elke nag vernietig is. Terug in die stad, omtrent middernag, was die fees van die maan in volle gang. Die strate was vol mense en helder verlig. Voor die tempels is gebid, rede gevoer en vuurwerke afgeskiet. Die hitte was ondraaglik. Trems vol mense het steeds heen en weer in die strate gery. In weerwil van al die uitgelatenheid het rye mense rustig op die kaal, vuil sypaadjies gelê en slaap. Vanweë die hitte het 'n man sy ysterbedjie op die straat uitgedra en daarin orent gesit en ongesteurd sy aandebede gedoen terwyl die digte menigte langs hom verbyslenter. Dit was baie laat toe die fees bedaar het en Engelenburg in sy hotel terug was. Die elektriese waaier in sy slaapkamer het min teen die hitte uitgerig.

Hy was vroeg weer op die been om die produkte by die markte te gaan bekry. Dit was 'n wêreld op sigself en dit het hom etlike ure geneem om deur te stap. Daarna het hy na een van die banke gegaan om met sy kredietbrief geld los te kry. Dit het baie lank geneem, want die plek was voortdurend vol klante en Engelenburg moes van die een toonbank na die ander gaan. Daarna moes hy na die hawe gaan om te beding vir 'n plek op 'n boot na Singapoer. Die hitte was steeds ondraaglik. Ná aandete het hy weer per motor die nagmerrie-stad verder gaan verken. Die volgende dag het hy die eiland Elephanta besoek waar daar ondergrondse tempels van Boeddhistiese oorsprong was. Aan die einde van die derde dag, toe hy sy laaste yskoue limonade gedrink het alvorens hy aan boord gegaan het, het hy die limiet van sy reis-energie bereik.¹⁸

¹⁷ Parse of Parsi's (vuuraanbidders) is aanhangers van die godsdiens van Zoroaster in Persië en Indië.

¹⁸ F.V. Engelenburg, "Drie dae te Bombaai", *De Volkstem*, 30.04.1926.

Nadat Engelenburg sowat 'n maand in Nederlands-Oos-Indië was, het hy na Australië gegaan om Lorraine te gaan haal. By die Britse konsulaat in Soerabaja het hy 'n permit gekry om na Australië te reis. Hy het op 1 September 1921 in Brisbane aangekom¹⁹ en Lorraine oortuig om saam met hom na Suid-Afrika terug te keer. Aan die einde van 1921 het hulle in Suid-Afrika voet aan wal gesit.²⁰

Hoe *De Volkstem* se personeellede en Engelenburg se vriende hom as mens ervaar het

Terug in Pretoria moes Engelenburg weer die redakteurstoel inneem. J.M.H. (Markus) Viljoen (1898-1949) het in 1920 as student 'n tydelike pos by *De Volkstem* beklee. Hy kon onthou dat Engelenburg in die eerste plek 'n regsgeleerde, maar daarnaas ook 'n knap estetikus was. Engelenburg het 'n wye kennis gehad van kuns, die letterkunde en die wysbegeerte. Tog was hy beskeie en nie ongeneë om die eenvoudigste beriggies vir die koerant op te stel nie, altyd op stukkies en brokkies papier wat hy opgegaar het. Viljoen het gemeen dat dit waarskynlik sy een manier van besuiniging was.²¹

Volgens Viljoen was die driemanskap wat die botoon in die redaksie van *De Volkstem* gevoer het, Engelenburg, Preller en Nathan Levi (1878-1942).²² Levi, wat 'n goeie snelskrywer was, is in beheer van die parlementêre Hansard geplaas. Sy wye bereisdheid, ensiklopediese kennis, 'n goeie geheue en vermoë om vinnig te werk en op 'n raak manier na die kern van 'n saak deur te dring, het van Levi 'n buitengewoon knap verslaggewer en joernalis gemaak. Hy was ses tale magtig. Hy het Engels uitstekend beheers en was ook Frans, Duits, Spaans en Turks magtig. Levi het Nederlands bo Afrikaans verkies wanneer hy vir *De Volkstem* geskryf het. Op gevorderde ouderdom het hy ook 'n blitskursus in Skandinawiese tale bygewoon toe hy Skandinawië besoek het. Hy het Engelenburg se biografie oor generaal Louis Botha in 1928 in Engels vertaal.²³ Levi was by uitstek partyjoernalis en het geen geleentheid laat verbygaan om die belange van die

¹⁹ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Paspoort van F.V. Engelenburg.

²⁰ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1921 van F.V. Engelenburg.

²¹ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 26.

²² J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 29.

²³ F.R. Metrowich, "Levi, Nathan" in D.W. Krüger & C.J. Beyers (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek III*, p. 527.

Suid-Afrikaanse Party te bevorder nie. Preller se sentimente het teen daardie tyd al na die Nasionale Party geswaai, met die gevolg dat dit 'n eiesoortige twis tussen hom en Levi veroorsaak het. Levi was 'n Jood en kon die Afrikanernasionaliste hoegenaamd nie verdra nie. Sy partylojaliteit het veroorsaak dat die verhouding tussen hom en Preller nie alte vriendskaplik was nie.²⁴ Levi het later jare die voltydse verteenwoordiger van *Die Volkstem* in Kaapstad geword en 'n lewendige en knap nuusdiens gelewer.²⁵

Viljoen het vertel dat hy die eerste dag as werknemer by die koerantkantoor toegegooi is met werk. Onder andere het Gustav Preller hom gevra om 'n uitspraak van ongeveer 18 bladsye in verband met 'n saak van sir J.B. Robinson te vertaal en met die helfte te verkort. Dit moes drie uur later by die setters wees. Kwart oor twee het hy dit aan Preller oorhandig. Die koerant het pas op straat verskyn toe Engelenburg Viljoen se kantoordeur oopgeruk en ingestorm het, bloedrooi in die gesig en oë waarin daar woede geblits het. Viljoen kon onthou dat Engelenburg hom toegesnou het:

Viljoen, wat heb je met dat bericht over de Robinson-zaak aangevangen? Het staat niet in de krant!²⁶

Viljoen het verduidelik dat hy die vertaling aan Preller gegee het. Laasgenoemde is ingeroep en moes die ergste van die storm ontgeld, maar Viljoen het ook 'n paar sydelingse rapse gekry soos dat hy "... zo groen, zo groen als gras"²⁷ was en dat sulke verantwoordelike werk nie aan hom toevertrou kon word nie.

Die personeel van *De Volkstem* was in 1920 klein en die blad het slegs vier, soms ses bladsye per dag beslaan. Almal moes van die môre tot die aand hard werk om die koerant vol te kry.²⁸ Viljoen het dit jammer gevind dat die taak nooit aan hom opgedra is om die belangrikste bestendige nuusbron van alle groot stede te besoek nie, naamlik die magistratuurshof en die polisiekantoor. Dit was egter in die dae toe die koerant nog meer waarde aan menings as aan

²⁴ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 29.

²⁵ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 29.

²⁶ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 2-3.

²⁷ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 4.

²⁸ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 4.

nuus en sensasie geheg het en gevolglik is die bietjie hofwerk wat wel gedoen is, aan 'n buitemedewerker opgedra. Gedurende die tyd wat Viljoen by *De Volkstem* gewerk het, was hierdie medewerker niemand anders nie as Eugène Marais.²⁹

Ná 'n maand by die koerant moes Viljoen teruggaan universiteit toe. Engelenburg het hom 'n ekstra £5 in die hand gestop en 'n aanbod van 'n vaste betrekking by die koerant. Die volgende jaar, 1921, het Viljoen, terwyl hy nog vir die MA-graad ingeskryf was, voltydse joernalis geword. Die tegniese afdeling van die Afrikaanse koerante, en selfs ook dié van die Engelse dagblaaie, was destyds baie primitief. Daar was nie so iets soos wik en weeg om te besluit watter berig die grootste prominensie sou geniet nie. 'n Opskrif wat min of meer 'n aanduiding van die inhoud gegee het, is bo 'n berig geplaas – lank of kort het nie saak gemaak nie en die res is aan die opmaker in die settery oorgelaat. Die vernaamste nuusgedeelte was binne die koerant, met advertensies op die buiteblaaie. Daar was feitlik nie sprake van mededinging om 'n nuusberig eerste te kry nie. Hulle was dus in die eerste plek kantoorjoernaliste. Dekking vir die platteland deur korrespondente was sporadies. Die meeste van die binnelandse beriggewing is deur Reuter se nuusdiens voorsien. Engelenburg het af en toe 'n bevliegiging gekry en al die jonger lede van die personeel – daar was 'n stuk of drie – skielik beveel om “mobiel te word” en nuus te gaan haal, maar omdat hulle in die meeste gevalle geen bepaalde opdragte gekry het nie, het hulle rondlopery selde veel opgelewer.³⁰

Dit was ook die tydperk van die “pap-en-skêr”-joernalistiek. As daar te min nuus was om die koerant vol te kry, moes die pot gom en die skêr bygehaal word. Artikels is dan uit ander blaaie geknip en met erkenning van die bron oorgeneem. Kleiner koerante het dikwels nie eers die moeite gedoen om hulle bron te erken nie en selfs hoofartikels oorgeneem en as hul eie aangebied. By geleentheid was daar weer 'n skaarste aan nuus en nie genoeg kopie om die koerant vol te maak nie. Die voorman, Karel Holtz, was 'n opvlieënde Nederlander. Hy het een keer met die hande in die hare in die redaksiekantoor ingestorm en op die redaksielede geswets. Hy het hulle gesmeek om nog kopie vir hom te gee, anders kon die blad nie betyds gedruk word

²⁹ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 7.

³⁰ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 7-8.

nie. Viljoen het die man na Engelenburg gestuur. Oomblikke later het hy al swetsende verby die personeel gegaan, wat hom nie weer daardie middag gesien het nie. Volgens Viljoen het Engelenburg sowat 'n uur later met 'n breë glimlag en met die koerant in die hand in Viljoen se kantoor verskyn en laggend gesê:

Viljoen, Holtz kwam zo-even bij me om kopie te vragen. Ik heb toen aan hem gezegd:

'Holtz, kijk, ik heb de krant dertig jaar lang vol geschreven. Maak jij hem nu maar vandag vol!' en hij is vol!³¹

Die koerant was inderdaad vol, maar Holtz moes omtrent elke reël met dubbele loodmatryse uitspasieer om dit reg te kry.³²

Toe generaal Christiaan de Wet (1854-1922) ernstig siek in sy huis in die Vrystaat gelê het, het die redaksie van *De Volkstem* die ergste verwag. Soos gebruikelik is betyds gesorg vir 'n uitvoerige lewenskets wat vooruit klaar geset was. Al wat nodig was, was om net die datum boaan te plaas en in 'n paar reëls die heengaan van die ou krygsman te vermeld, dan kon die hele bladsy gegiet, in die vorm geplaas en binne 'n kwartier op die rolpers wees. Namate die generaal se toestand ernstiger geword het, het die spanning op kantoor toegeneem en elke telegram wat aangekom het, is haastig oopgeskeur om vas te stel of dit nie die doodstydning bevat het nie. Elke dag is daar so laat moontlik met die druk van die koerant gewag. Eindelik het die berig gekom, maar die koerant was net klaar gedruk en reeds op straat. 'n Oomblik later het Engelenburg met die telegram in die hand en 'n onvergenoegde trek op sy gesig in die algemene kantoor verskyn. Hy het die telegram voor Viljoen neergesmyt. Terwyl Markus Viljoen met 'n gevoel van hartseer oor die heengaan van die groot veldheer kon dink, het Engelenburg die gebeure uit die oogpunt van 'n joernalis gesien. Volgens Viljoen het hy opgemerk:

Generaal De Wet had als oude vriend van *De Volkstem* 'n weinig meer konsideratie teenover ons kunnen betonen door 'n halfuurtje vroeger heen te gaan!³³

Ervaring het Viljoen geleer dat daar ten opsigte van nuus geen sentiment kan bestaan nie en dat 'n goeie joernalis alles, selfs die dood, net as nuus leer sien.

³¹ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 8-9.

³² J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 9.

³³ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 10.

Engelenburg het selde voor elfuur sy verskyning op kantoor gemaak. Soms was hy in die mees eksotiese drag uitgedos: 'n manel met ronde pante ("morning coat"), gestreepte broek, wit onderbaadjie en bloedrooi krawat en op sy kop 'n gewone vilthoed sonder 'n duik in die bol. 'n Groot ring aan een van die vingers en 'n lang wandelstok wat min of meer soos 'n outydse herderstaf gelyk het, het die mondering voltooi. Op kantoor is die manel uitgetrek en dan het hy in sy onderbaadjie of soms 'n borshemp agter sy lessenaar gaan sit en die opgehoopte koerante begin deurkyk. Op straat het hy met kort treetjies beweeg en selde iemand raakgesien. As hy dit wel gedoen het, dan het die begroeting met die hoflikste buigings gepaard gegaan.³⁴ Engelenburg se voorkoms was nie juis daarop bereken om eerbied by die personeel in te boesem nie. Vir baie was hy te eksoties met sy bokbaardjie, arendsneus, effens uitpeulende oë en 'n trek om die mond wat altyd die indruk van verbasing gewek het. Volgens Viljoen het Engelenburg die indruk van 'n verskrikte Mefistofeles³⁵ gemaak.³⁶ Op beskikbare foto's kan Engelenburg se kleredrag in 'n mate vergelyk word met 'n tipiese Engelse dandy – spoggerig, maar ook windmakerig. Daar was ook aspekte van homoseksualiteit by hom aanwesig – veral wat sy vriendskap met Leipoldt en met Izaak Wallach betref. In 'n onderhoud wat 'n verteenwoordiger van *Lantern* met mev. L. Liesching kort voor haar dood oor haar eertydse werkgewer gevoer het, het sy heelwat interessante staaltjies omtrent Engelenburg meegedeel. Sy het onder meer vertel dat hy 'n goeiehartige man was. Van sy skatryk vader (met aandele in onder meer die Suez-kanaal) het hy 'n fortuin geërf, waarvan hy links en regs uitgedeel het. Geen persoon wat om hulp aangeklop het, is ooit weggewys nie en sommige mense het op skandelige wyse misbruik van sy goeiehartigheid gemaak.³⁷

Prof. T.H. le Roux (1883-1970)³⁸ het Engelenburg beskryf as 'n besonder harde en vlugge werker, en hy het dieselfde van sy onderhoriges verwag. As redakteur sou hy gewoon met 'n opdrag kom en beleefd vra: 'Sou u dit vir my kon doen, asseblief?' Daarna sou hy telkens terugkom om te sien of die taak nog nie afgehandel is nie. As dit te lank na sy sin gesloer het, is

³⁴ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 26-27.

³⁵ Mefistofeles het oorspronklik in literatuur verskyn as die duiwel in die Faust-legende. Sedertdien het hy ook in ander werke as 'n weergawe van die duiwel verskyn.

³⁶ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, p. 27.

³⁷ R. Stead, "Dr. F.V. Engelenburg" in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 26-27.

³⁸ T.H. le Roux was 'n Afrikaanse linguïst.

die persoon voor stok gekry.³⁹ As werkgewer was hy 'n modelbaas. Dit het almal getuig wat onder sy leiding gewerk het, 'n ondervinding wat niemand graag wou misloop nie. Engelenburg was veeleisend, maar nooit onredelik nie. Hy het altyd lof gehad vir goeie werk, soms 'n ekstra beloning in watter vorm ook al. Hy het 'n wakende oog gehou oor die werkverdeling van sy personeel en wanneer iemand volgens sy oordeel ooreis was, het Engelenburg 'n vakansie voorgestel. Dikwels het hy selfs 'n gedeelte van die vakansiekoste gedra. Die volgende staaltjie van Louis Leipoldt werp lig op Engelenburg se gevoel vir sy medemens: Op 'n dag het hy besoek van 'n *Volkstem*-intekenaar ontvang. Die man was erg verkoue en het baie gehoos. Ná sy vertrek het Engelenburg aan Leipoldt, wat toe lid van die redaksie was, gevra watter middel hy teen hoes kon aanbeveel. “Moskonfyt,” het die geneesheer-joernalis geantwoord. Engelenburg het daarna opdrag aan 'n lid van die redaksie gegee – nie 'n kantoorbode nie, want die saak was te ernstig – om by 'n sekere winkel twee flesse moskonfyt te gaan koop en een fles by die hotel af te lewer waar die siek man tuisgegaan het, “... met dr. Engelenburg se komplimente”, asook instruksies om dit vir die hoes te gebruik. Die ander fles kon die redaksielid vir homself neem as beloning vir sy moeite.⁴⁰

Engelenburg het dit geniet om te onthaal en was 'n uitstekende gasheer. Hy was 'n egte fynproewer en 'n kenner van wyn. Sy dinees in die Pretoria Klub en ook aan huis was gewoonlik modelle van deftigheid en korrektheid. Sy welvoorsiende kelder in Het Witte Huis het van die beste drank bevat wat die wynstok van oor die hele aardbodem opgelewer het. Benewens die keur van Suid-Afrikaanse wyne het die versameling wyn van Duitsland, Frankryk en Portugal Engelenburg se kosmopolitiese geaardheid beklemtoon. Hy het met woord en daad gewerk aan die verbetering van die Suid-Afrikaanse produk en vir die plasing daarvan op die buitelandse uitvoermark.⁴¹ Wanneer Engelenburg by sy huis onthaal het, is die beste wyn voorgesit en sy bediendes was so goed opgelei dat hulle presies geweet het watter wyn by watter geregte hoort. By die afsheidsmaal ter ere van Frederik Rompel het Markus Viljoen vir die eerste keer met 'n

³⁹ R. Stead, “Dr. F.V. Engelenburg” in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, p. 20.

⁴⁰ C.L. Leipoldt, “Dr. F.V. Engelenburg – knap joernalis en geleerde – raadsman van Kruger en Botha” in *Huisgenoot*, 09.09.1938, p. 19.

⁴¹ R. Stead, “Dr. F.V. Engelenburg” in *Lantern*, 13(3), Maart 1964, pp. 26-27.



Illustrasie 91: Engelenburg fyn uitgevat met ringe en armbande. Bron: Stadsbiblioteek, Pretoria, Pretoriana-versameling, foto 147.

“cocktail” kennis gemaak en daarna met Franse sjampanje. Die nagereg met brandewynsous was in blou vlamme gehul en het vlammend op die verskillende borde gekom.⁴²

Wanneer Engelenburg en sy vriende saans vir ete aangesit het, is die elektriese ligte nie gebruik nie, maar is die kerse in die kandelaar bokant die tafel aangesteek en is daar fees gevier. Die silwer het geblink en die kristalglase geskitter. Dan het hy van sy puik Franse en Italiaanse wyne uit die kelder te voorskyn gehaal.⁴³ Hy het ’n bronsbeeld van ’n haan gehad wat hy altyd by sy manspartytjies op die tafel geplaas het.⁴⁴ Die haan was vroeër simbool van ’n aantal Christelike gebruike. Aangesien die haan kraai wanneer die dag breek, is dit as simbool vir die prediker gebruik. Dit is ook gesien as die een wat in die duisternis met sy “hanekraai” die Woord moet verkondig dat die lig aangebreek het – met ander woorde dat die nuwe tydvak in Christus aangebreek het. Die voortplantingsdrange van die haan het ook die aandag getrek en daarom is hy dikwels beskou as simbool van vrugbaarheid. Aan die negatiewe kant is dit juis soms gesien as simbool van onkuisheid.⁴⁵ Aangesien Engelenburg die haan slegs by manspartytjies te voorskyn gebring het, sou dit dan eerder as simbool van vrugbaarheid gedien het as wat hy ’n Christelike konnotasie daaraan sou gee. Die haan is die nasionale embleem van Portugal en stel “onvoorstelbare geluk” voor, dit wil sê geluk wat mens jou nie kan voorstel of verbeel nie. Tydens Engelenburg se manspartytjies is daar ook kaartgespeel waarby geld betrokke was. Die haan kon dus ook dien as “gelukbringer” vir die kaartspelers. Die haan het hy waarskynlik gekoop op een van sy besoeke aan Portugal.

Engelenburg was ’n kenner van musiek en ’n hartstogtelike liefhebber daarvan. Vir sy eie plesier kon hy die klavier goed bespeel en het groot genot geskep veral uit die Ludwig van Beethoven-sonates en die werke van Chopin. Waar sy eie tegniek te kort geskiet het, het hy gebruik gemaak

⁴² J.M.H. Viljoen, *’n Joernalis vertel*, p. 27.

⁴³ Volgens sy sakdagboekie het hy aan die einde van 1922 byvoorbeeld 40 kiste witwyn bestel wat hom f288 uit die sak gejaag het. Dit is nie bekend watter soort witwyn dit was nie, ook nie van watter land hy dit bestel het nie.

⁴⁴ J. Pretorius, “Die Engelenburg-huis”, *Die Ruiters*, 24.10.1947. Mev. L. Liesching het dit meegedeel tydens ’n onderhoud wat Pretorius met haar gevoer het.

⁴⁵ H. Stander, *Simbole veilig of gevaarlik?: ’n gids tot Christelike simbole en tekens*, pp. 47-49.

van 'n pianola – 'n toestel wat 'n klavier meganies naboots.⁴⁶ Heelwat pianolarolle van groot werke wat aan Engelenburg behoort het, is ná sy dood in sy huis gevind, bv. Sonate, opus 106 deur Beethoven; Konsert in C-majeur, opus 56, deur Beethoven; Konsert vir viool in G-mineur, opus 26, tweede beweging (Adagio), deur Max Bruch⁴⁷; Marche orientale deur G. Asch; Sevillana, opus 7, deur Elgar; en Serenade, opus 54, nr. 2, deur Popper.⁴⁸ Die rolle is vandag nog in die huis te sien. Sy waardevolle vleuelklavier het Engelenburg in 1932 aan die Pretoria Tegniese Kollege in Kerkstraat-Oos geskenk. Die prinsipaal van die kollege, J. Remdorp, die Kollegeeraad en die studente was baie in hulle skik met die skenking.⁴⁹

Teen 1921 was dit duidelik dat Engelenburg nie meer hart en siel in die koerant was nie. Viljoen het vertel dat Engelenburg te ver van die gewone redaksielede gestaan het om behoorlik kontak met hulle te hê. Hy het selde in die gewone kantoorroetine ingegryp. Net af en toe het hy 'n bevestiging gekry dat een of ander afdeling van die koerant beter of anders ingerig moes word en het dan weer weke lank nooit van hom laat hoor nie. Preller en Levi moes 'n oog oor die jongeres hou, die werk uitdeel en min of meer toesien dat die koerant elke dag verskyn. Engelenburg was egter baie goed ingelig oor die werk wat deur die personeel gedoen is.

Wat Viljoen van Engelenburg geleer het, is onregstreeks aan hom meegedeel, naamlik om sy gedagtes so eenvoudig en duidelik as moontlik te stel, lang woorde te vermy en altyd na helderheid te streef.⁵⁰ Destyds was die grootste gedeelte van die inhoud van *De Volkstem* in Nederlands geskryf. Dit het die lede van die redaksie egter vry gestaan om te kies of hulle Afrikaans of Nederlands wou gebruik. Terwyl Engelenburg, Levi en Rompel gewoonlik in Nederlands geskryf het, het Preller en die jonger lede van die redaksie Afrikaans gebruik.⁵¹

⁴⁶ F.J. Labuschagne en L.C. Eksteen (reds.), *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, p. 643.

⁴⁷ Dit is een van die gewildste vioolkonserte.

⁴⁸ Spaanse danse.

⁴⁹ NASA, Pretoria, F.V. Engelenburgversameling, A140, band 6, sublêer 22, J. Remdorp – F.V. Engelenburg, 20.01.1932.

⁵⁰ J.M.H. Viljoen, 'n *Joernalis vertel*, pp. 27-28.

⁵¹ J.M.H. Viljoen, 'n *Joernalis vertel*, p. 31.

In 1921 het Frederik Rompel besluit om van werkkring te verander. Hy het na Kaapstad verhuis en by *Die Burger* begin werk waar hy aangebly het tot sy dood in 1940. Ná sy bedanking by *De Volkstem* het Louis Hiemstra, wat ook by *De Volkstem* werksaam was, hom na *Die Burger* gevolg.⁵² Dié blad was die mondstuk van die Nasionale Party. Die feit dat Rompel en Hiemstra na *Die Burger* oorgeskuif het, dui nie net op 'n verandering in die landspoliteiek nie, maar ook in die joernalistiek. *De Volkstem* was die orgaan van die Suid-Afrikaanse Party, maar Viljoen kon nie onthou dat Engelenburg in sy hoofartikels ooit 'n sterk partystandpunt ingeneem het nie. Sy indruk was dat Engelenburg hom 'n bietjie verhewe bo die partygeskille geag het en nie daadwerklik in die stryd belanggestel het nie.⁵³

In die jare 1921 tot 1924 het 'n politieke magsverskuiwing in Suid-Afrika plaasgevind. Dit was die jare waarin die Nasionale Party onder leiding van generaal Hertzog vir die eerste keer die amptelike opposisie in die parlement van die Unie van Suid-Afrika was.⁵⁴ Dit was in die tydperk van die oorskakeling van die SAP-regering na die regering van die Nasionale en die Arbeidersparty wat 'n bondgenootskap gesluit het, die sogenaamde “Pakt”. Die opneem van die Unioniste in die geledere van die Suid-Afrikaanse Party het in die praktyk beteken dat generaal Smuts en 'n groep Afrikaners hulle met die imperialistiese doelstellings van die oud-Unioniste vereenselwig het. Deur dit te doen, het Smuts die breuk in die Afrikanergeledere gefinaliseer.⁵⁵

Die ekonomie van Suid-Afrika is swaar getref deur die naoorlogse depressie en die SAP-regering se gewelddadige onderdrukking van die mynwerkerstaking op die Rand in 1922 het soveel afkeer gewek dat sommige swart ANC-leiers selfs na die Pakt-bondgenootskap gekyk het as 'n manier om die SAP teen te staan. Swart mense kon in daardie stadium net in die Kaapprovinsie en onder sekere voorwaardes stem.⁵⁶

⁵² J. Ploeger en H. Orban, *Besonderhede in verband met De Volkstem en Wallachs' Drukkers en Uitgewers (Mpy) Bpk (1873-1960)*, p. 24.

⁵³ J.M.H. Viljoen, *'n Joernalis vertel*, pp. 27-28.

⁵⁴ O. Geyser & A.H. Marais, *Die Nasionale Party I*, p. 502.

⁵⁵ O. Geyser & A.H. Marais, *Die Nasionale Party I*, p. 502.

⁵⁶ H.B. Giliomee, “Afrikanernasionalisme, 1902-1924” in F. Pretorius (red.), *Geskiedenis van Suid-Afrika: van voortye tot vandag*, pp. 291-292.

Engelenburg was steeds hoofredakteur van *De Volkstem*, maar hy wou graag meer aandag aan Lorraine skenk. Hy het aan Leyds geskryf dat hy gewens het dat hy oor meer vrye tyd beskik het. Die koerant en die drukkerij het baie van sy tyd in beslag geneem, maar aangesien die aandag lonend was, kon hy toe nog nie besluit of hy daarsonder wou klaarkom nie. Hy was egter van plan om so langamerhand dit vir hom 'n bietjie gemakliker te maak "... zodat er tijd zal overblijven voor andere dan beroeps-funkties".⁵⁷

Rompel en Hiemstra se vertrek na Kaapstad het sake vir Engelenburg bemoeilik en hy het dringend iemand in hulle plek benodig. Teen middel Januarie 1922 het hy en Izaak Wallach met Louis Leipoldt onderhandel oor die moontlikheid om tot die redaksie van *De Volkstem* toe te tree. Engelenburg het reeds in 1914 met Leipoldt kennis gemaak en was bewus van sy joernalistieke talent. In Februarie 1922 het generaal Smuts, wat toe premier van die Unie van Suid-Afrika was, daarop aangedring dat Leipoldt hom vir *De Volkstem* beskikbaar stel.⁵⁸ Engelenburg het kort daarna 'n skriftelike versoek aan Leipoldt gerig om deel van die redaksie te word. 'n Salaris van £14 000 per jaar is hom aangebied.⁵⁹ Leipoldt het Engelenburg in kennis gestel dat sy dienstydperk by die departement van onderwys nog tot die einde van Desember 1922 van krag was en dat hy op 3 Januarie 1923 by *De Volkstem* sou begin.⁶⁰ Hy het sy bedanking op 7 September 1922 by die departement ingedien.⁶¹

Preller was teenwoordig toe die samesprekinge in Februarie 1922 plaasgevind het en daar oor Leipoldt se salaris besluit is. Hy was nie baie gelukkig daaroor nie, want indien Leipoldt die betrekking aanvaar, sou hy 'n hoër salaris as hyself ontvang. Sy ongelukkigheid daaroor het hy op 13 Februarie 1922 in 'n brief aan Engelenburg verwoord. Hy het gemeen met dié dat Leipoldt teen 'n hoër salaris aangestel is as wat hyself verdien het, hy feitlik uitgeskakel of op 'n sylyn

⁵⁷ Nasionaal Archief (NA), Den Haag, W.J. Leydsversameling, 97, vol. 48, F.V. Engelenburg – W.J. Leyds, 03.01.1922.

⁵⁸ Kanselier Oppenheimer Dokumentasiesentrum (KOD), Universiteit van Kaapstad (UK), C.L. Leipoldtversameling, BC94, (B10), aantekeninge van J.M.H. van Aardt, ongedateer.

⁵⁹ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, (B10.2), F.V. Engelenburg – C.L. Leipoldt, 01.03.1922.

⁶⁰ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, (B10.3), C.L. Leipoldt – F.V. Engelenburg, 12.11.1922.

⁶¹ KOD, UK, C.L. Leipoldtversameling, BC94, Aantekening in sakdagboekie van 1922 van C.L. Leipoldt.

gerangeer sou word, te meer so omdat by gebrek aan 'n behoorlike ranglys die salaris die enigste aanduiding was van senioriteit en posisie in die maatskappy.

Ik ben nu bijkans twintig jaar lang sub-editeur van de 'Volkstem', en ik gevoel dat door deze aanstelling de promotie waarop ik aanspraak maak, onder bepaalde omstandigheden in gevaar gebracht wordt.⁶²

Preller se situasie sou egter tot Oktober 1924 so bly toe Engelenburg besluit het om uit die redaksie te tree.

Terwyl daar 'n tekort aan personeel by *De Volkstem* was, moes Engelenburg sy aandag tussen werk en huis verdeel. Nadat hy en Lorraine aan die einde van 1921 van Australië teruggekeer het, het hy met planne begin om Het Witte Huis te vergroot. Hy wou dit vir haar so gerieflik moontlik maak. Die bouwerk het op 14 Maart 1922 begin.⁶³ Aan die noordekant van die huis het hy 'n groot slaapvertrek met 'n kaggel aangebou en ingeboude kaste wat versier was met Franse koperwerk.⁶⁴ Bokant die kaggel het hy die tapisserie laat monteer wat hy in 1919 tydens die vredesonderhandelinge in Parys gekoop het. Op die kaggelrak het hy 'n kopie van 'n wit borsbeeld van Madame Juliette de Récamier⁶⁵ geplaas, asook twee kosbare porseleinpotte. Aan weerskante van die ingeboude kaste, bo-op twee rakkies, het hy ook 'n paar waardevolle Oosterse porseleinwerke geplaas. Die mure was luuks ingerig met hout panele en weelderige muurpapier en behang met 'n aantal kosbare skilderye. Naas die slaapkamer het hy 'n toiletvertrek laat aanbou, asook 'n kleiner kamer wat moontlik as aantrekkamer gedien het. Een van die groot vertrekke aan die suidekant van die huis het hy aan Lorraine gegee om as haar privaat sitkamer in te rig waar sy haar vriende kon onthaal. So tussen die bouery deur het hulle in April 1922 twee

⁶² NASA, Pretoria, G.S. Prellerversameling, A787, vol. 207, G.S. Preller – F.V. Engelenburg, 13.02.1922.

⁶³ Engelenburghuis, Pretoria, Ongeordende Engelenburgversameling, Sakdagboekie van 1922 van F.V. Engelenburg.

⁶⁴ Dié vertrek het ná Engelenburg se dood vir jare tot in 2015 gedien as raadsaal van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

⁶⁵ Madame Juliette de Récamier (1777-1849) het ná haar troue wyd onthaal en haar salon het 'n vername bymekaarkomplek van politici en kunstenaars geword. Van Napoleon I se offisiere het haar salon ook besoek en nadat hulle hulle oorlogsgeheime aan haar meegedeel het, het sy dit aan die vyand verklap. Napoleon het haar daarna uit Parys verban sodat sy nie binne 'n afstand van honderd myl (160 km) daarvan mog kom nie. Dit was die enigste manier waarop hy kon verseker dat sy vertroueling nie hulle oorlogsgeheime aan haar sou verklap nie. Die kunstenaar van die oorspronklike borsbeeld van madame De Récamier was Joseph Chinard (1763-1810).

keer na Warmbad gegaan om te ontspan, naamlik op 15 en op 30 April. Op 14 Mei 1922 is 'n nuwe ingesonke bad in die huis geïnstalleer, wat modern was in daardie jare.

Engelenburg se bydrae tot die geldstelsel in Suid-Afrika

Engelenburg se belangstelling in Suid-Afrikaanse munte en papiergeld het daartoe gelei dat die watermerk op die Suid-Afrikaanse Reserwebank se note gebaseer was op een van die skilderye in sy versameling.⁶⁶ Die Pretoriase Munt het voor die Anglo-Boereoorlog 'n kort bestaan gehad, naamlik van 1892 tot 1900.⁶⁷ Van 1900 tot 1923 was die Munt dormant en is alle munte in Londen geslaan. Van 1923 is munte weer in Suid-Afrika geslaan onder die bestuur van die Royal Mint of London. Daar is wel ná die Anglo-Boereoorlog ondersoek begin doen na 'n nuwe muntwet en die heropening van die Munt in Suid-Afrika. Die saak het jarelank gesloer en ná Uniewording in 1910 is die saak jaar ná jaar in die parlement bespreek en onderhandelinge het bly plaasvind.⁶⁸ Die Pretoria Munt Wet is eindelijk finaal in 1919 goedgekeur.⁶⁹ Dié wet is opgevolg met die Munt Wet in Augustus 1922, wat die standaardgewig en gehalte van die voorgestelde goud-, silwer- en bronsmunte beskryf het. Niks kon egter gebeur voor die verskyning van die Pretoria Munt Proklamasie 1922 nie, gedateer 14 Desember 1922, wat die totstandkoming van 'n tak van die Britse Munt kragtens die Britse Muntwet van 1870 gemagtig het. Die proklamasie het die goewerneur-generaal ook gemagtig om die afmetings en ontwerp van enige Unie-munt te bepaal. Hoewel die tak-munt reeds in Januarie 1923 tot stand gekom het, het die eerste Unie-silwer-munte eers in Mei 1923 verskyn, gevolg deur kleiner munte van goud en brons.⁷⁰ Die Reserwebank in Suid-Afrika het die goue munte egter nooit vir homself laat maak nie; dit is spesifiek geproduseer vir die uitvoermark, by name Brittanje.⁷¹

Engelenburg het sy lewe lank in Suid-Afrika die kultuur en kunste in die gemeenskap bevorder. Selfs op gevorderde leeftyd is sy mening dikwels nog gevra. Toe die regering in 1922 begin het

⁶⁶ R. Stead, "Engelenburg, Frans Vredenburg" in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 278.

⁶⁷ E.H.D. Arndt, *The South African Mints*, pp. 28-29.

⁶⁸ E.H.D. Arndt, *The South African Mints*, pp. 33-34, 60-61.

⁶⁹ E.H.D. Arndt, *Banking and currency development in South Africa (1652-1927)*, p. 158.

⁷⁰ E.H.D. Arndt, *The South African Mints*, pp. 66-67.

⁷¹ E.H.D. Arndt, *The South African Mints*, p. 72.



Illustrasie 92, bo en onder: Engelenburghuis kort ná die aanbouing in 1922 met die Uniegebou in die agtergrond. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, verkry van 'n glasplaatjie-negatief.



Illustrasie 93: Engelenburg en sy twee honde voor die bekende poort in Edmondstraat, Arcadia, Pretoria. Bron: Engelenburghuis, Pretoria, verkry van 'n glasplaatjie-negatief.



Illustrasie 94: Madame Récamier. Kunstenaar: Joseph Chinard (1756-1813). Die borsbeeld is ná 1801 gemaak. 'n Replika staan in Engelenburghuis.